**7 Augustus**

**Skrifgedeelte: Eksodus 40**
**Fokusgedeelte: Eksodus 40:34-38**

## Gemeenskap met God in die tenttempel

Kan ons onsself indink hoe wonderlik dit moes gewees het? Stel uself voor daar skuif 'n wolk oor u kerk, so groot dat die kerk skaars sigbaar is. Dink aan die magtige teenwoordigheid van die Here wat die kerk op daardie oomblik vul. Sal ons nie ook die kerk wil binnestorm om te sien hoe wonderlik die teenwoordigheid van die Here daar straal nie? Omdat ons deur die sondeval van God vervreem is, en dus nie kan bly staan in die magtige teenwoordigheid van die Here nie, kan ons dit nie doen nie.

MAAR … God het sy Seun gestuur om vir ons sondes te sterf. Nie alleen het God sy Seun gestuur nie, maar Hy het ook die Heilige Gees gestuur om in ons te kom woon. Deur God se Seun en die Heilige Gees wat in ons kom woon het, kan ons die kerk met die wolk binnestorm. In 1 Korintiërs 6:19 lees ons: "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees wat in julle woon van God ontvang …"

In hierdie gedeelte besef ons dat ons as kinders van God met 'n "wolk" oor ons rondloop, en dat die magtige teenwoordigheid van die Here in ons elkeen is.

Ons moet onsself dus afvra: Leef ons elke dag só dat die mense die magtige teenwoordigheid van die Here in ons kan raaksien, of het ons onder die wolk weggetrek?

*Sing: Skrifberyming 27:4, 5 (12-2)*

*Teologiese Student Josef Hibbert*